# Psalm 29 – Prys Jahweh, o hemelinge

*(Melodie : Duitse volkslied / **Laat ons sing van ons Verlosser[HYFRODOL]**)*

**C                    Dm    G**
**1. Prys Jahweh, o hemelinge,**

**C         Am     Dm  G   C**
**Hy verskyn in al   Sy mag.**

**C          Am        Dm   G**
**Prys Jahweh van alle dinge,**

**Em        Am         Dm  G  C**
**buig jul neer voor Sy  gesag.**

**Em     Am          Dm          G**
**Dis Sy stem wat hoog daar bowe**

**C        Am  Dm      G**
**rol en ratel in die lug.**

**C        G          C       G**
**In die donker watervloede**

**C        F        G          C**
**is Jahweh se stem gedug.**

**C                          Dm    G**
**2. Jahweh's stem laat blitse lewe,**

**C        Am      Dm       G    C**
**trotse seders breek dan oop.**

**C          Am         Dm     G**
**Jahweh laat woestyne bewe,**

**Em     Am          Dm    G   C**
**berge gaan voor Hom op loop.**

**Em        Am   Dm      G**
**Ook die diere en die velde –**

**C        Am        Dm       G**
**almal eer Hom met ontsag!**

**C        G          C             G**
**In Sy woning, heers die Koning,**

**C        F           G          C**
**vrede vind Sy volk, en krag.**